



ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: SEPTEMBER 2019

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdlik ontvang het, stel asseblief die versender by hsagenquiries@gmail.com onmiddellik in kennis en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirus-programmatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE:

1. DIGITALE UURGLAS – BESPREEK NOU JOU PLEK OP DIE BUS!
2. KORT AGTERGROND EN GESKIEDENIS
3. “OPT-IN”: MAAK SEKER OF JY DEEL IS VAN DIE SAAK, DIS IMMERS JOUNE
4. KAN HSAG-LEDE SE EISE STEEDS GESKIK WORD?
5. UIT DIE PEN VAN ‘N OPBETAALDE BELEGGER, FINANSIËLE ADVISEUR EN HSAG BESTUURSLID
6. OUTOMATIES DEEL VAN DIE KLAS-AKSIE AS JY OPBETAAL IS
7. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PICVEST-BELEGGINGS – DEEL 4
8. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PICVEST-BELEGGINGS – DEEL 6 - VOORSMAKIE
9. HUIDIGE STAND VAN SAKKE:
 - 9.1 Versnelde Sertifikasie Aansoek (HS 21 & 22)
 - 9.2 Beleggers met eise in HS 15 tot 20
 - 9.3 Van der Sandt se Aansoek om Tussenbeidetrede
10. BELANGRIKE DATUMS
11. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

1. **DIGITALE UURGLAS – BESPREEK NOU JOU PLEK OP DIE BUS!**

Ten einde lede behulpsaam te wees met die oog op die komende Aansoek vir Sertifisering asook moontlike skikkingsonderhandelinge, het die HSAG 'n nuwe digitale uurglas op die HSAG webtuiste aangebring. Hierin word 'n afsnydatum van 31 Januarie 2020 aandui vir lede om hul bydraes en registrasiekoste op datum te bring en is daar nog net vyf maande oor.

LET WEL:

- Ten einde billik en regverdig te wees teenoor almal wat steeds kan en wil voortgaan met die litigasie was destyds ses maande gracie verleen aan HSAG-lede om hul vrywillige opvragings op datum te bring.
- Hierdie gracie periode sal ongelukkig streng toegepas word en geen uitsonderings sal gemaak kan word nie.

Die Sperdatum vir Finale Vereffening en om op datum te kom is 31 Januarie 2020.

DAE VOOR HOFSAAK: 45

2. **KORT AGTERGROND EN GESKIEDENIS**

Die HSAG wil eerstens sy opregte dank uitspreek vir elke persoon wat daarvan deel was en bygedra het tot die suksesse tot dusver bereik om HS beleggers se beleggings te vorder. Diegene sal ook besef dat dit tot dusver geen maklike taak was nie.

Die groot toets vir die individuele HSAG lede is egter tans of hulle wil volhard deur enkele duisende rande in hul eie saak te betaal vir die regsproses ter vordering van miljard rande, en of hulle ander prosesse en ooreenkomste buite die howe kan vertrou. Nodeloos om te meld beskik die HSAG nie oor R4.6 miljard nie en in besonder nie oor die luuksheid en middele om, sonder eie befondsing, die regsproses te dryf nie. Hierdie boodskap was die afgelope jare male sonder tal herhaal. Die proses is hartseer, maar ongelukkig op sy eie lede se insette en ondersteuning aangewese. Daarsonder kan dit nie voortgaan nie, selfs al is die regspan baie positief oor die meriete van die saak.

In die lig van die ongelukkige geskiedenis en ernstige bewerings van onetiese en oneerlike optrede deur Georgiou en die Respondente, word dit ernstig betwyfel of enigiemand anders, buiten beleggers en hul naastes, sal bydra tot die befondsing van so 'n saak. Die feit van die saak is egter dat miljard rande betaal is vir eiendomme wat nie gelewer is nie en dat daardie gelde terugbetaal moet word. Baie mense het reeds moed opgegee en is die voornemende eisers nie meer tienduiseende nie, maar enkele duisende.

Van die begin af is voornemende eisers ingelig en deurlopend versoek om klein bydraes te maak, maar ongelukkig het slegs 'n klein hoeveelheid persone daaraan gehoor gegee. Dit is egter nou die tyd om 'n finale oproep te doen om aan boord te kom of nie. Lede moet nou besluit of hulle in of uit is in die komende HS21&22

sertifiseringsaansoek omdat niemand meer outomaties daarby ingesluit word as die saak voortgaan nie.

Vir etlike jare is daar elke maand nuusbriewe uitgestuur waarin lede op hoogte van sake gebring is, asook 'n staat van finansiële opvragings en betalings. SMS'e en Whatsapp boodskappe word gestuur en inligting word op die HSAG webtuiste geplaas.

Georgiou het egter van die begin af elke moontlike strategie, en selfs onetiese optrede, gebruik om die hofsake af te weer. Hy kon dit gelukkig nie reggekry nie en gaan die sake teen hom steeds voort. Aanvanklik was hy en sy frontmaatskappy, Orthotouch, deur Mnre. Hans Klopper, Connie Myburgh en Derek Cohen ondersteun in 'n georkestreerde poging om die hofsake te ontspoor, maar die HSAG regsplan het elke aanslag aangedurf en die sake suksesvol op koers gehou. Huidig is dit net Georgiou wat oor is in Orthotouch.

Nadat die uitrek van sake; agterbakse afkoop van applikante; gepoogde terugtrek van sake en mislukte verandering van prokureurs; omkoop van HSAG Bestuurslede; smeer-veldtogte en onetiese optredes nie gewerk het nie, het Georgiou hom daartoe gewend om onskuldige beleggers in ooreenkomste te lei, onder andere die verkryging van Accelerate Property Fund aandele, 'n genoteerde maatskappy onder die stuur van sy seun Michael, wie se sake vandeeweek ook in die pers ontbloot is. Sien hieronder 'n verdere bespreking daarvan.

3. **“OPT-IN”: MAAK SEKER OF JY DEEL IS VAN DIE SAAK, DIS IMMERS JOUNE**

Die HSAG het een kans om die klas-aksie gesertifiseer te kry. Slegs persone wat uitdruklik kies om deel te wees van die verrigtinge sal egter kwalifiseer om binne die klas te val. Persone wat nie die vereiste finansiële bydraes lewer nie, kan ongelukkig nie deel wees van die eerskomende versnelde HS21&22 sertifikasie aansoek van die klas-aksie nie. Dit mag ook beteken dat hul nooit in die toekoms 'n eis sal kan instel nie.

Tydens 'n onlangse vergadering voor die Saakbestuurder, Regter Tolmay, was die boodskap duidelik: Die versnelde HS21&22 saak gaan voort op 11-14 November. Die regsplan is onverpoosd besig om daarvoor voor te berei (sien verder op die webtuiste en in vorige nuusbriewe). Die versnelde saak fokus op sekere kontraktuele aspekte in terme waarvan Georgiou en sy entiteite aanspreeklik gehou word. 'n Groot aantal HSAG-lede het ten volle of gedeeltelik in HS21&22 belê.

Dit is een van die redes waarom daar, verál onder lede wie in ander sindikasies belê het (bv. waar die sertifikasie aansoeke nog nie uitgereik is nie) versoeke ontstaan het dat sodanige lede 'n ekstra heffing moet betaal, en was dit deur die bank ook 'n versoek dat persone met groter eise meer moet betaal.

In gemelde lig, noodsaaklikheid- en billikheidsoorwegings, asook die befondsing van die verhoor, het die HSAG Bestuur besluit om spesiale verhoorheffings by alle HS21&22 lede te vorder. Hierdie heffing word gehou van alle lede wie in daardie

sindikasies belê het. Eise van R100 000 en hoër sal ook 'n addisionele nominale heffing betaal volgens hul eisbedrae. Dit sal op eersvolgende state verskyn.

4. **KAN HSAG-LEDE SE EISE STEEDS GESKIK WORD?**

Die HSAG voel sterk oor sy meriete en dat 'n hof in sy lede se guns sal beslis. Skikkingsonderhandelinge is altyd moontlik maar verg dit ongelukkig dat beide partye daartoe ter goede trou optree en daar 'n meganisme is om te verseker dat hul ooreenkomste nagekom word. Tot dusver het dit ongelukkig duidelik geblyk dat Georgiou in die afgelope dekade nie by 'n enkele ooreenkoms gehou het nie en is die HSAG ook nie bereid om sy lede in ooreenkomste, sonder streng voorwaardes met 'n hofbevel wat afdwinging daarvan sal verseker, te laat aangaan nie.

By internasionale hofsake is dit ook nie ongewoon dat die partye kort voor die sertifikasie aansoek in skikkingsonderhandelinge betrokke raak nie, omdat 'n negatiewe beslissing in litigasie, in meeste van die gevalle vir die spreekwoordelike Goliat, miljoene of miljarde rande se werklike en reputasieskade kan besorg. Indien daar dus skikkingsonderhandelinge is, wil die HSAG ook bemaagtig wees om namens ander opbetaalde lede (wat nie in HS21&22 is nie) te onderhandel. In effek sal dit neerkom dat, indien 'n skikking bereik word, alle hofsake en litigasie tot 'n einde gebring word. Dit sal ook vir die teenkant 'n einde aan uitmergelende litigasie wees.

Op hierdie stadium lyk dit egter asof slegs een uit vyf HSAG lede hiervoor sal kwalifiseer en sal dit 'n hartseer saak wees indien die Respondente wegkom met 'n skikking, al sou dit 100% kapitaal, rente en koste wees vir daardie enkele lede wees. Die HSAG Bestuur wil dit baie duidelik stel dat die hofsake oor ongeveer ses weke plaasvind en dat mense, na 'n verloop van vyf jaar se nominale bydraes nie hul lot kan bekla indien hulle nie deel van die HSAG se sake of onderhandelinge is nie.

5. **UIT DIE PEN VAN 'N OPBETAALDE BELEGGER, FINANSIËLE ADVISEUR EN HSAG BESTUURSLID**

Beste Belegger

Die HSAG is in die lewe geroep deur 'n Mandaat aan Theron en Vennote te gee, om julle te verteenwoordig in 'n groepsGEDING. Ons is nou in die finale stadium van die tersydestelling van die Reëlinskema en die sertifisering van 'n klas-aksie. Die feit van die saak bly dat meeste van die lede en nie-lede (draadsitters) van die HSAG, nie die voordele en nadele van die saak besef nie.

As 'n opbetaalde HSAG-lid, geniet jy die beskerming om deel van 'n klas-aksie te wees. Die nie-opbetaalde lede en draadsitters, wat nie HSAG-lede is, of wil word nie, het 'n geweldige invloed op die finansiële bestuur van die litigasie.

Hier is nou basies drie finale opsies:

1. *Jy aanvaar Georgiou se Accelerate Property Fund aandele aanbod, verwys na skrywe gedateer 4 September 2019.*

Die aanbod is as volg:

- *Veronderstel jy het 'n R100 000 belegging.*
 - *Sy aanbod is 25% van jou oorspronklike kapitale belegging, dus: R100 000 x 25% = R25 000.*
 - *Dan bied hy vir jou Accelerate aandele aan, teen 'n netto batewaarde van R7,50 per aandeel.*
 - *Jy kry dus 3 313 Accelerate aandele.*
 - *Die aandeelprys, soos op Donderdag 19 September 2019, was R1.80 per aandeel.*
 - *Sou jy dus jou aandele wil verkoop, voor makelaarskoste (wat die transaksie hanteer) is die bruto kontant in jou hande R5 963.40 wat jy in effek terugkry op jou destydse R100 000 belegging.*
2. *'n Spesiale opvraging ten aansien van die komende HS21&22 sertifikasie-aansoek word na hierdie nuusbrieffe gehef teen HS21&22 lede se state. Hierdie opvraging sal op u Oktober state verskyn.*
 3. *Indien ons geen finansiële hulp van julle as HSAG-lede en nie-HSAG lede ontvang nie, sal ons gedwing wees om onmiddellik alle litigasie te staak en vir alle praktiese doeleindes skryf jy jou geld af!*

Dit is die realiteit waarmee ons nou te doen het, en kan ons nie doekies omdraai oor die stand van sake nie!

Bring asseblief jou kant, of wil jy verder verwoes word deur die belaglike aanbod wat Orthotouch nou op die tafel sit?

Vriendelike groete,

Francois Strauss

6. OUTOMATIES DEEL VAN DIE KLAS-AKSIE AS JY OPBETAAL IS

Tot onlangs het die HSAG in sy Kennisgewing van Mosie vir die hof gevra om die sogenaamde “opt-out” metode te volg, waar alle persone outomaties deel vorm van die klas-aksie, tensy hulle spesifiek aandui om nie deel te wees nie.

Soos in die vorige Nuusbrieffe verduidelik het die HSAG Bestuur in oorlegpleging met hul regsadviseurs, en versoeke van opbetaalde lede, besluit om hierdie bedeling te wysig.

Die klas word aansienlik verklein en vir praktiese doeleindes sal slegs diegene wie se rekeninge opbetaal is outomaties deel vorm van die klas-aksie. Dit sal beteken dat slegs diegene wat finansiëel daartoe in staat is en deel van die klas-aksie wil wees daarby sal baat. Dit is in ooreenstemming met die huidige opbetaalde lede se siening.

Ter verfrissing van u geheue, behels die “opt-out” bedeling dat, waar ’n Hof ’n klas sertifiseer, al die lede van die klas outomaties ingesluit word as eisers in die klas en hul moet dus uitdruklik kennis gee indien hul nie deel van die klas wil wees nie.

Die “opt-in” bedeling beteken egter dat eisers slegs deel sal vorm van die klas as hul uitdruklik kennis gee daarvan, en dus geensins hoef op te tree indien hul nie in die gesertifiseerde klas ingesluit wil word nie. Dit vereis dus positiewe optrede vanaf diegene wat wel ingesluit wil word by die gesertifiseerde klas.

Die “opt-in” bedeling sal uiteraard voordeel inhou vir die HSAG en sy lede, aangesien die HSAG kan verseker wees dat sy lede wel wil deel vorm van die gesertifiseerde klas en dat hul, deur aan te sluit by die HSAG en deur bydraes te lewer, reeds aandui dat hul ingesluit wil word by die gesertifiseerde klas. Dit beteken ook dat die HSAG die wyse waarin persone kan “opt-in”, kan voorskryf ten einde administratiewe nagmerries te voorkom.

’n Verdere voordeel van die “opt-in” bedeling is dat dit die klas vernou om die lede daarvan meer identifiseerbaar en bepaalbaar te maak. Indien die klas-aksie suksesvol sou wees, of selfs indien daar skikkings beklank word, sal die persone aan wie betalings moet geskied met sekerheid vasgestel kan word deur die HSAG en Georgiou, en sal dit dus die proses bespoedig en vergemaklik. In die vorige bedeling moes Georgiou 18 300 eise van altesame R4.6 miljard ontmoet. Slegs ’n klein persentasie van HSAG lede is tans opbetaal, en indien Georgiou hierdie eise moet ontmoet, sal dit ’n fraksie van die oorspronklike eisbedrag uitmaak om te betaal/skik.

Die “opt-in” bedeling se doelwit is nie om enige persone met moontlike eise uit te sluit nie. Dit plaas wel op eisers wie wel wil voortgaan met hul eise ’n verantwoordelikheid om stappe in eie hande te neem ten einde deel te vorm van die HSAG se doelwitte.

Die HSAG eis steeds 100% van beleggers se kapitale beleggings plus rente en koste.

Georgiou se regsplan het die HSAG meegedeel dat hul nie die bogenoemde wysiging na “opt-in” gaan teenstaan nie.

HSAG-lede moet dus dringend op datum kom met hul bydraes om sodoende hul buskaartjies te kry vir die eerskomende sertifiseringsaansoek. Indien die Hof die wysiging aanvaar, sal persone wie nie binne die definisie van die gesertifiseerde klas val nie, uitgesluit wees van enige eise in die HS 21 en 22 bespoedigde sertifiseringsaansoek.

Indien lede enige navrae het, moet hul ’n e-pos stuur aan die HSAG by hsagenquiries@gmail.com.

7. **SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PICVEST-BELEGGINGS – DEEL 4**

’n Finansiële joernalis van Moneyweb het ’n reeks artikels geskryf oor die Picvest-saga.

Die gemelde artikels gee vir lesers ’n goeie agtergrond en begrip oor presies wat oor tyd gebeur het in die Picvest-saga, sedert Georgiou betrokke geraak het.

In die volgende paar HSAG-Nuusbriefe gaan ons, soos in die afgelope drie Nuusbriefe, steeds voort om vertaalde opsommings van die artikels te gee, maar ons wil u graag uitnoui om die artikels, wat op die amptelike HSAG-webblad by www.hsaction.co.za verskyn, te lees.

DEEL 4 van die reeks artikels: “The peculiar case of the Picvest billions: Part 4” gaan voort om die ingewikkelde geskiedenis van die Hoëveld Sindikasie (HS) skemas sedert hul ontstaan te verduidelik.

Die Moneyweb ondersoek het bevind dat bykans al 79 eiendomme, nadat dit gesindikeer is aan die voormalige Highveld Sindikasie (“HS”) maatskappye, verkoop is aan derde partye voor-en-na die skemas in finansiële nood verval het.

Omtrent 18 000 beleggers het R4.6 miljard betaal vir die eiendomme, welke eiendomme die middelpunt van die HS skemas was. Dit was gekoop met die beleggers se geld, en die eiendomme, sonder enige verbande, is gegee aan professionele persone om bestuur te word en om bogemiddelde maandelikse inkomste aan beleggers te genereer.

Die eiendomme het ook gedien as onderliggende sekuriteit vir beleggers.

Die ondersoek het 14 eiendomme identifiseer wat deur die HS maatskappye self verkoop is, en ’n addisionele sewe eiendomme wat deur Zephan verkoop is voor die aanvang van die sakereddingsproses.

Hierdie sewe eiendomme is moontlike “twee keer” verkoop. Eerste aan beleggers vir R450 miljoen via die suksesvolle sindikasies, maar die eiendomme is nooit oorgedra nie, en ’n tweede keer toe dit verkoop is aan derde partye vir R347 miljoen.

Hierdie artikel analiseer die verkoopstransaksies van die 21 eiendomme.

Eiendomme verkoop voor die HS maatskappye in sakeredding geplaas is.

Die oorspronklike HS prospektusse het hulself bemark as eiendom belegginsvoertuie wat sou toesien dat beleggers aandeelhouers sou word in maatskappye wat onbeswaarde eiendomme besit.

Moneyweb het egter ontbloot dat die HS maatskappye 14 eiendomme verkoop het aan derde party vir omtrent R393 miljoen, wat ’n verlies van R72 miljoen vir die HS maatskappye ingehou het.

Alhoewel die Maatskappyyewet toelaat dat direkteure van maatskappye die onderliggende bates van die maatskappye koop en verkoop, het die HS prospektusse nie uitdruklik aangedui dat dit sal plaasvind nie. In teendeel, die eiendomme is bemark as spesifiek uitgesoek om voldoening aan die HS voorwaardes te verseker.

’n Opsomming van hierdie transaksies verskyn in die tabel hieronder:

| Eiendomme verkoop voor sakeredding | | | | |
|---|--|--|--|----------------------------------|
| | Eiendom naam | HS prospektus waardasie | Prys waarteen verkoop aan derde party | Derde party |
| 1 | 110 Hamilston Straat - kantoorgebou (HS20) | R 43 023 578 | R 33 000 000 | Epipax |
| 2 | ABSA Potgietersrus (HS18) | R 25 600 000 | R 17 000 000 | TP Hentiq 6256 (Pty) Ltd |
| 3 | Caltex House (HS18) | R 28 600 000 | R 33 500 000 | Elatiglo (Pty) Ltd |
| 4 | Constantia Square (HS16) | R 26 090 000 | R 15 100 000 | Friedcorp 549 CC |
| 5 | Edgars Pietersburg (HS19) | R 44 665 219 | R 32 000 000 | Jason & Amy Prop Developing |
| 6 | Fourways Mall (HS15) | R 68 260 000 | R 53 000 000 | Balvest CC |
| 7 | Jacqueline Mall (HS16) | R 29 160 000 | R 26 500 000 | Dashing-Anglo Direct Division CC |
| 8 | Jeanlen Shopping Centre (HS15) | R 24 965 000 | R 20 950 000 | VVHHD Investments (Pty) Ltd |
| 9 | Panorama Shopping Centre (HS16) | R 35 925 000 | R 35 989 536 | Zephan |
| 10 | Pick n Pay Centre (HS17) | R 27 660 000 | R 10 571 520 | Blue Horison Investments 23 |
| 11 | Rock Cottage Shopping Centre (HS16) | R 48 135 000 | R 48 086 412 | Zephan |
| 12 | Sabie Spar (HS16) | R 18 315 000 | R 15 000 000 | Magaliesboom Eiendomme Ses CC |
| 13 | The Village (HS18) | R 14 000 000 | R 12 250 000 | Readam SA (Pty) Ltd |
| 14 | Wierda Square (HS15) | R 31 840 000 | R 41 000 000 | Vresthena (Pty) Ltd |

HS direkteure se antwoord

Moneyweb het vrae gerig aan Ben van der Linde en Morkel Steyn, direkteure van die HS maatskappye, ten opsigte van die verkoopstransaksies.

Van der Linde het reageer namens beide direkteure en gesê dat die verkoop van eiendomme onderdanig aan die Maatskappywet geskied het. Hy het ook ’n e-pos, wat hy aan Georgiou en ander partye gestuur het gedurende Mei 2011. gedeel waarin hy die verkoop van eiendomme van die sindikasies bevraagteken het en gevra het hoe die opbrengste aangewend sou word. Volgens Van der Linde het hy nooit ’n skriftelike antwoord ontvang nie. Hy sê dat hul vergadering na vergadering gehad het, maar dat niks gebeur het nie, en dat dit aangehou het vir jare tot die HS maatskappye in sakeredding geplaas is.

Dit is duidelik uit die e-pos dat direkteure nie ten volle ingelig is van die redes en omstandighede verwant aan die verkoop van die eiendomme nie.

Individuele transaksies:

Die verkoop van twee van die bogenoemde eiendomme, Panaroma en Rock Cottage, verg verdere analise. Beide eiendomme is gesindikeer as deel van HS16, maar kort voor HS16 in sakeredding geplaas is, is die eiendomme terugverkoop aan Zephan, wat dit toe verkoop het aan derde partye teen aansienlike winste.

Panorama

Die Panorama inkopiesentrum is oorspronklik gesindikeer in 2006 as deel van HS16 teen ’n waarde van R35.9 miljoen. Die titelakte dui aan dat Bosman & Visser (“B&V”) die eiendom vir R43 miljoen gekoop het by High Adventure Investments Twenty in 2006, en dit onmiddellik verkoop het aan HS16 vir R51.8 miljoen.

Daarna is die eiendom in 2011 verkoop aan Zephan vir R35.9 miljoen. Zephan het die eiendom in 2014 verkoop aan Oaktree Inv (Pty) Ltd vir R101 miljoen.

Die feite rondom hierdie transaksies is interessant. B&V het die eiendom verkry vir omtrent R8 miljoen meer as die sindikasiewaarde, en dit verkoop aan HS16 vir R16 miljoen meer as die R35.9 miljoen sindikasiewaarde.

HS16 het die eiendom verkoop aan Zephan teen die oorspronklike sindikasiewaarde, en die sindikasie het dus 'n verlies gelei van omtrent R16 miljoen. Zephan het 'n wins van R65 miljoen gemaak toe die eiendom verkoop is aan Oaktree drie jaar later.

Rock Cottage

Nog 'n interessante transaksie is die Rock Cottage inkopiesentrum in Randpark Ridge.

Na B&V die eiendom in 2006 gekoop het vir R44.3 miljoen, is dit aan HS16 verkoop vir R48.08 miljoen, effens minder as die sindikasiewaarde.

In 2011 het HS16 die eiendom aan Zephan verkoop teen dieselfde bedrag as wat HS16 vyf jaar tevore betaal het aan B&V.

Twee jaar later, het Zephan die eiendom direk verkoop aan Accelerate vir R63 miljoen, en het Zephan 'n wins van bykans R15 miljoen gemaak. (Hierdie is een van die min eiendomme wat Zephan direk verkoop het aan Accelerate en nie deur rug-aan-rug transaksies waarin Orthotouch betrokke was nie.)

Sewe eiendomme wat “twee keer” verkoop is

Ten minste sewe eiendomme is moontlik twee keer verkoop deur Zephan, Die sewe eiendomme is oorspronklik gesindikeer vir R450 miljoen deur verskeie HS sindikasies, maar is nooit oorgedra aan die relevante HS maatskappye nie.

Zephan het hierdie sewe eiendomme aan derde partye verkoop vir R347 miljoen. Dit dui daarop dat Zephan die eiendomme verkoop het aan die HS maatskappye en derde partye vir 'n totale bedrag van bykans R800 miljoen.

***Vertaal en verkort**

Kyk gerus uit vir **DEEL 5** van die reeks in die volgende HSAG-Nuusbrief.

8. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PICVEST-BELEGGINGS DEEL 6 – VOORSMAKIE

Die nuutste hoofstuk in die Moneyweb reeks artikels, “The peculiar case of the Picvest billions: Part 6”, is op 25 September 2019 gepubliseer.

Alhoewel die artikel in die November nuusbrief weergegee sal word, is skrywer hiervan van mening dat dit, veral na aanleiding van die Accelerate aandele opsie wat tans aan

beleggers gestuur word, nodig is om die inhoud bondig op te som in hierdie weergawe van die Nuusbrief.

DEEL 6 van die reeks artikels fokus op die verkoop van 31 Orthotouch eiendomme aan Accelerate Property Fund in 2013.

Hierdie transakies behels volgens Moneyweb die grootste enkele afverkoop van HS eiendomme na die HS maatskappye in sakeredding geplaas is. Ondanks die versekering dat dit beleggers sou bevoordeel, het die afverkoop egter ontaard in die effektiewe plundering van die historiese HS bates.

Moneyweb het bevind dat, met die uitsluiting van twee eiendomme, bykans elkeen van die 76 voormalige HS eiendomme verkoop is aan derde partye, en dat nie 'n enkele eiendom oorgedra is aan die sogenaamde sakereddingsvoertuig van die HS maatskappye, Orthotouch, nie.

Die verkoop van die 31 eiendomme aan Accelerate het ook daartoe gely dat Orthotouch 'n rekeningkundige verlies van omtrent R 782 miljoen gely het, terwyl slegs R 30 miljoen van die R 1 323 miljard opbrengs na Orthotouch gevloei het.

Die balans is aangewend om verbande af te betaal, nie net op die 31 eiendomme self nie, maar ook die van ander eiendomme wat verwant is aan Orthotouch en die Georgiou familie.

Volgens Moneyweb se ondersoek is dit duidelik dat die HS beleggers geen voordeel getrek het uit die verkoop van eiendomme aan Accelerate nie. Dit was net 'n voortsetting van die afverkoop van voormalige HS eiendomme verwant aan Orthotouch aan derde partye, en die noemenswaardige verliese wat Orthotouch gely het stel voor dat beleggers ernstige finansiële skade gely het.

U kan die gemelde artikel lees by <https://www.moneyweb.co.za/in-depth/investigations/the-peculiar-case-of-the-picvest-billions-part-6/>

9. **HUIDIGE STAND VAN SAKE**

9.1 **Versnelde Sertifikasie Aansoek (HS 21 & 22)**

Die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22 word op 11 tot 15 November 2019 in Pretoria aangehoor.

Dit is uiters belangrik dat HSAG lede hul finansiële bydraes maak en hul uitstaande bydraes en registrasiekoste op datum kry ten einde te verseker dat die HSAG die bes moontlik regsverteenvoordinging by die Hof het.

Die HSAG se Kennisgewing van Mosie, asook die verklarings ter ondersteuning van die Kennisgewing van Mosie, is op die HSAG se webblad by www.hsaction.co.za geplaas en ons nooi u uit om dit deur te lees.

9.2 Beleggers met eise in HS 15 tot 20

Al is die partye in litigasie dieselfde, berus die eisoorake van HS 15 tot 20 breedweg op ander feite, omstandighede en regsbeginsels. Byvoorbeeld, onder andere ook bedrog en wanvoorstellings (deliktuele eise) teenoor die kontraktuele eise in HS 21 & 22.

Beleggers in HS 19 tot 20 se eise is reeds ingestel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek en hierdie aansoek stuit die verjaring van eise.

Tot op datum was dit nog nie dienlik om beleggers in HS 15 tot 18 se eise in te stel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek nie weens gepaardgaande kostes en aangesien verjaring, op advies van ons advokatuur, nog nie ter sprake is nie.

Ten einde kostes te bespaar sal die Sertifikasie-Aansoek van HS 15 tot 18 derhalwe uitgereik en beteken word sodra die HSAG se advokatuur adviseer dat dit gedoen word. Die HSAG beplan dus sy prioriteite fyn en werk sistematies daarvolgens.

Die HSAG is steeds van voorneme om die Reëlinskema tersyde te stel omdat dit onder andere vir Georgiou en ander respondente vrywaar van eise teen hulle.

Georgiou se prokureurs het intussen hul antwoordende verklaring ten opsigte van die HSAG se Aansoek vir Tersydestelling van die Reëlinskema beteken en liasseer. Die antwoordende verklaring het ook gepaardgegaan met 'n voorwaardelike teenaansoek in terme waarvan Georgiou die Tersydestelling van die Reëlinskema ondersteun. Sy voorwaardes bepaal egter onder andere dat die HSAG se applikante die aansoek namens al 18 300 HS beleggers bring, en dat alle beleggers die rentes wat hul in terme van die Reëlinskema ontvang het, terugbetaal. Die HSAG sal alles tot sy beskikking gebruik om sy lede se belange te beskerm, maar sal ongelukkig nie vir persone wat nie kwalifiseer kan optree nie.

Die HSAG Bestuur het besluit dat dit in die beste belange van die HSAG is om die aansoek te opponeer, aangesien Georgiou se voorwaardes verregaande is en negatiewe gevolge inhou vir alle HS beleggers.

Tot tyd en wyl is Orthotouch in terme van die Reëlinskema verplig om maandelikse rente aan HS-beleggers te betaal, maar doen dit nie. Georgiou is steeds besig om die Reëlinskema te minag.

9.3 Aansoek om Tussenbeidetrede

Die HSAG Bestuur het aangedui dat Van der Sandt se tussenbeidetrede nie meer geopponeer gaan word nie ten einde enige risiko te vermy dat die komende Sertifikasie-aansoek uitgestel word en onnodige kostes aangegaan word.

Die HSAG se opponering is gevolglik teruggetrek en Van der Sand toegelaat om tussenbeide te tree met voorbehoud van al die HSAG se regte.

10. BELANGRIKE DATUMS

Na aanleiding van die saakbestuurder vergadering voor Regter Tolmay op 12 September 2019, is die volgende verdere belangrike tydtafel neergelê:

- **30 September 2019** – Georgiou en Van der Sandt moet hul antwoordende verklaring ten aansien van die HSAG se aanvullende verklaring van 16 September op die HSAG beteken en liasseer (Pretoria);
- **4 Oktober 2019** – Die HSAG se prokureurs van rekord moet hul repliserende verklaring ten aansien van Van der Sandt se Opponerende Verklaring beteken en liasseer (Pretoria);
- **7 Oktober 2019** – Die HSAG moet hul repliserende verklaring ten aansien van Georgiou en Van der Sandt se Antwoordende Verklarings van 30 September beteken en liasseer (Pretoria);
- **11 Oktober 2019** – Georgiou moet sy repliserende verklaring ten aansien van Van der Sandt se Opponerende Verklaring beteken en liasseer (Pretoria);
- **14 Oktober 2019** – Die HSAG moet sy aanvullende Hoofde van Betoog beteken en liasseer (Pretoria);
- **21 Oktober 2019** – Georgiou moet sy Hoofde van Betoog beteken en liasseer (Pretoria);
- **11 – 15 November 2019** – Aanhoor van Gedeelte B van die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22.

11. **BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES:**

Die HSAG het verskeie versoeke ontvang om die nuusbriewe korter te maak. Dit is egter nie altyd moontlik nie maar word die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbriewe vervat was, nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za onder die September 2019 kennisgewings. In die alternatief kan dit besigtig word by die volgende skakel:

<http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2019/09/HSAGTsCs.pdf>

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com



AFRIKAANS HIERBO

MONTHLY NEWSLETTER: SEPTEMBER 2019

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

This email is confidential and is exclusively meant for the addressee. If you have received it in error/ wrongly, please notify the sender immediately at hsagenquiries@gmail.com and delete it. You may not copy, disclose or deliver any email received in error or any part of it to anyone else. HSAG’s webmaster uses antivirus software to prevent viruses and other malicious code. However, such software cannot prevent or eradicate all such code. The HSAG or its representatives will not be liable for any loss, harm or damage whatsoever arising from receipt or use of this email or otherwise, whether arising through negligence of the HSAG, its members, steering committee, and agents or otherwise.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information, subject to the disclaimer contained therein (and also applicable hereto), although emails are also sent out from time to time.

The obligation to keep us up to date of any changes to your personal and/or contact details rests on you as HSAG member.

HSAG OFFICIAL NEWSLETTER – SEPTEMBER 2019 CONTENTS:

1. DIGITAL TIMER – BOOK YOUR SEAT ON THE BUS NOW!
2. SHORT BACKGROUND AND HISTORY
3. “OPT-IN” MAKE SURE THAT YOU ARE PART OF THE CASE, IT IS INDEED YOURS
4. CAN HSAG MEMBERS’ CLAIMS STILL BE SETTLED?
5. FROM THE PEN OF A PAID-UP INVESTOR, FINANCIAL ADVISOR AND HSAG STEERING COMMITTEE MEMBER
6. AUTOMATICALLY PART OF THE CLASS ACTION IF YOU ARE PAID-UP
7. WHAT THE MEDIA REPORTS ON PICVEST-INVESTMENTS – PART 4
8. WHAT THE MEDIA REPORTS ON PICVEST-INVESTMENTS – PART 6 – TEASER
9. THE CURRENT STATE OF LITIGATION:
 - 9.1 Fast Track Certification Application (HS 21 & 22)
 - 9.2 Investors with claims in HS 15 to 20
 - 9.3 Application to Intervene
10. IMPORTANT DATES
11. IMPORTANT GENERAL TERMS AND CONDITIONS

1. **DIGITAL TIMER – BOOK YOUR SEAT ON THE BUS NOW!**

